**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VIRTUELE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 30 AUGUSTUS 2021 OM 11:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. C Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Direkteur Gemeenskapsdienste *(waarnemend)* |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**BKN005/08/2021**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid Du Plooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom met skriflesing.

***

**BKN006/08/2021**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Gemeenskapsdienste - vakansieverlof

***

**BKN007/08/2021**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar gesamentlik dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN008/08/2021**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 27 JULIE 2021**
**3/3/2/2**
***(Die notule word ter tafel gelê soos elektronies apart versprei – Bylae A)***

Die Voorsitter stel die notule vir goedkeuring.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 27 Julie 2021, bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN009/08/2021**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 27 JULIE 2021**
***(Die verslag, soos apart elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Munisipale Bestuurder hou die Implementeringsverslag voor ter inligting.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Dinsdag 27 Julie 2021.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN010/08/2021**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN011/08/2021**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder gee terugvoer oor die Adams-ondersoek en rapporteer dat 'n onderhoud met CONLOG asook met mnr. P Adams deur die ondersoekbeampte fasiliteer moet word en dat sy weekliks opvolg oor die vordering van die ondersoek.

Die Munisipale Bestuurder rapporteer verder dat die skootrekenaars van die Scholtz-ondersoek eersdaags deur haarself by die Valke se kantoor in Bellville, Kaapstad afgehaal sal word.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN012/08/2021**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

1. Hy wens alle families sterkte toe wat in hierdie tyd 'n familielid aan die dood afgestaan het; en
2. Hy wens al die amptenare wat in Augustus 2021 verjaar het, baie geluk en voorspoed toe.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

Dat die COVID-19 statistieke toon dat die "peak" bereik is in die Bergrivier Munisipale Area en versoek dat alle direktorate hul personeel aanmoedig om steeds die afgekondigde regulasies gehoorsaam.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN013/08/2021**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN014/08/2021**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN015/08/2021**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: DIREKTORAAT GEMEENSKAPSDIENSTE: VUL VAN ADDISIONELE POSTE: KOSTE VAN INDIENSNEMING</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos apart elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word deur die Komiteelede gelewer, met spesifieke verwysing na die vulling van die befondsde Rampbestuursbeampte vakature.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat in die hersiene 2021/2022 Bedryfsbegroting voorsiening gemaak word vir 'n addisionele bedrag van R 1 493 932.27 vir die vul van die onderstaande drie addisionele poste in die Direktoraat Gemeenskapsdienste:
   - Assistent Superintendent: Wetstoepassing (PB);
   - Wetstoepassingsbeampte: PV;
   - Wetstoepassingsbeampte: VD; en
2. Dat die 3 poste solank geëvalueer word (waar van toepassing), geadverteer word en die werwingsproses afgehandel word vir diensaanvaarding 01 Februarie 2022.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN016/08/2021**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: EIENDOMSBELASTING VIR LANDBOU</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in. Die Speaker gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking. Raadsdame Crafford gee 'n breedvoerige verduideliking oor die wyse waarop die eiendomsbelasting bereken word.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeester, Uitvoerende Onderburgemeester, Speaker, Direkteur Finansiële Dienste en Bestuurder: Inkomste, so spoedig moontlik gesprekke fasiliteer, met betrekking tot die berekening van die eiendomsbelasting vir landbouers.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN017/08/2021**
**<u>DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: INDIENSNEMINGSBELEID</u>**
**2/B**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Indiensnemingsbeleid by die Staande Komiteevergadering van Korporatiewe Dienste, soos geskeduleer vir Woensdag 08 September 2021, bespreek word.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE (08/09/2021)***

***

**BKN018/08/2021**
**VIERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: REGSTELLING VAN VORIGE RAADSBESLUIT NR RVN018/06/2021: OORWEGING VAN VOLLE EN FINALE SKIKKING TEN OPSIGTE VAN ERF 1259, 8 BOKBAAISTRAAT, PIKETBERG**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos apart elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae D)***

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die versoek, met betrekking tot die oorweging van volle en finale skikking van die addisionele heffing deur die oortreder, ten opsigte van Erf 1259, 08 Bokbaaistraat, Piketberg, afkeur.

***

**BKN019/08/2021**
**KWYTSKELDING VAN TARIEWE: STORTING BY BEHEERDE OORLAAISTASIES**
**4/1/1/2**
***(Die korrekte verslag, soos apart elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae E)***

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item kortliks in. Raadsdame Crafford gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word deur die Komiteelede gelewer, met spesifieke verwysing na die tariewe van toepassing op die publiek vir die storting van tuinvullis.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad die vergunning goedkeur dat Tuindienste wat by Bergrivier Munisipaliteit registreer, vrygestel word van die betaling van oorlaaistasie tariewe vir die wegdoening van grassnysels en blare ("mulch");
2. Dat die Tegniese Dienste departement 'n proses instel vir die registrasie en identifisering van geregistreerde tuindienste; en
3. Dat die tariewe vir storting by beheerde oorlaaistasies heroorweeg word tydens die komende strategiese en begrotingsprosesse.

***

**BKN020/08/2021**
**KONSEPBELEID INSAKE REËLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS VAN DIE RAAD VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**9/1/2**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item breedvoerig in. Raadsheer De Vries gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die konsepbeleid, soos gewysig, insake Reëls vir die hou van Vergaderings van die Raad van Bergrivier Munisipaliteit deur die Raad aanvaar word.

***

**BKN021/08/2021**
**VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: 'N GEDEELTE VAN ERF 1002 PORTERVILLE MEENTGROND**
**PTV 1002; 7/2/3/2**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die grondversoek nie toegestaan word nie as gevolg van die nywerheidsontwikkeling in die Bergrivier Munisipaliteit se Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk 2019-2024 en wetlike prosesse reeds in proses is om nywerheidsontwikkeling te laat plaasvind.

***

**BKN022/08/2021**
**GEBRUIK VAN MUNISIPALE NYWERHEIDSGROND: ERWE 4474 EN 4489 PIKETBERG**
**PTV.4474 & 4489; 7/2/3/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in. Die Voorsitter en Raadsheer De Vries gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee kortliks terugvoer oor 2. (b), soos vervat in die aanbeveling.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Vanuit 'n stadsbeplanning, administratiewe asook wetlike oogpunt word die toestaan van gebruiksreg van nywerheidserwe, Erwe 4474 en 4489 Piketberg, vir die aanhou van kleinvee / grootvee nie ondersteun nie, weens die volgende redes:
   a) Dit is nie in lyn met die "Bergrivier Municipality Spatial Development Framework: 2019-2024" nie;
   b) Dit is teenstrydig met die sonering van die eiendomme;
   c) Dit is teenstrydig met Munisipale Verordeninge en kan wetlike implikasies vir Bergrivier Munisipaliteit inhou; en
   d) Gebruik van Erwe 4474 en 4489 Piketberg vir die aanhou van kleinvee / grootvee is nie volhoubaar nie.
2. Dat die Raad volstaan by die besluit **KKN006/06/2021,** soos geneem in die Korporatiewe Dienste Komitee vergadering van Woensdag 02 Junie 2021.
   a) "Dat die versoek vanaf die kleinboere reeds ondersoek was en dat terugvoering gegee sal word aan die aansoeker met die spesifieke redes waarom die versoek nie toegestaan kan word nie; soos vervat in die verslag; en
   b) Dat 'n skrywe gerig word aan die kleinboere om hul te verwys na die Departement van Landbou, Grondhervorming- en ontwikkeling vir hulp ten opsigte van grond, waarna die Bestuurder: Strategiese Dienste die proses sal fasiliteer om die betrokke partye byeen te kry vir gesprekvoering en oplossings.".

***

**BKN023/08/2021**
**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT: MUNISIPALE MEENT**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in.

Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee aanvullende inligting, met spesifieke verwysing na die ondersoeke wat reeds gefasiliteer was in Aurora en wat die uitkomste was.

Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur rapporteer dat terugvoer vanaf die Departement Landbou verwag word, met spesifieke verwysing na die Aurora meentgrond.

**AANBEVELINGS: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad kennis neem van die inhoud van die verslag; en
2. Dat die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur en Bestuurder: Strategiese Dienste gesprekke en verdere ondersoeke fasiliteer, met betrekking tot beskikbare grond in Aurora en Redelinghuys.

***

**BKN024/08/2021**
**MOONTLIKE OORSKRYDING OP MUNISIPALE GROND: ERF 4001 PIKETBERG (OPENBARE PLEK)**
**PB.4001; 7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in. Raadsdame Crafford gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat toestemming verleen word om ‘n Landmeter vir die koste van Bergrivier Munisipaliteit aan te stel ten einde te bepaal of daar oorskryding van die grens tussen Erf 4001, Piketberg (Openbare Plek) en die aangrensende residensiële erwe is, en indien wel, wat die omvang van die oorskryding is;
2. Dat by Provinsiale Departement Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning uitgevind word of enige moontlike oorskrydings wat mag bestaan, aanleiding gaan gee tot ‘n wysiging van die Omgewingsgoedkeuring wat verleen was, sou die Raad die gedeeltes aan die aanliggende residensiële grondeienaars wil vervreem;
3. Dat indien die grenswysiging deur Provinsiale Departement Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning ondersteun word, daar voortgegaan word met die nodige grondgebruik beplanning prosesse om die nodige aanpassings te maak; en
4. Dat die eienaars van Erwe 4002 tot 4006 en 3835, Piketberg in kennis gestel word dat die konsolidasie aansoeke gepaard gaan met privaat eiendomme se vergroting en sal die koste verbonde aan die konsolidasie aansoeke, konsolidasie se registrasie by die Landmeter Generaal se kantoor en Aktekantoor vir hulle koste wees, aangesien Bergrivier Munisipaliteit nie munisipale fondse op privaat grond mag spandeer nie.

***

**BKN025/08/2021**
**2021/2022 TARIEWE: GRONDGEBRUIKSBEPLANNING**
**15/1/7**
***(Die gewysigde aanbeveling word ter tafel gelê – Bylae F)***

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item breedvoerig in.

Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die omskrywing oor hoe die tariewe toegepas word gewysig word deur die gedeelte wat onderstreep is in te voeg en die gedeelte wat deurgetrek is weg te laat:-

*[Publisering van kennisgewings, bediening van kennisgewings asook ander metodes van openbare kennisgewing sal plaasvind ooreenkomstig artikels 45, 46 asook 48 van die Bergrivier Munisipaliteit: Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning. Advertensie- asook Kennisgewingskostes sal ooreenkomstig gehef word.]*

*~~[Onderstaande tariewe sluit advertensies / aansoekfooi / kennisgewings / posgeld in per aansoek.]~~ By gekombineerde aansoeke is die advertensie- en kennisgewingskostes slegs eenmalig betaalbaar. By gekombineerde aansoeke sal die mees omvattende aansoek prosedure gevolg word en is die tariewe ooreenkomstig betaalbaar.*

*Staatsgefinansierde behuisingsprojekte betaal slegs 50% van die tarief (uitgesluit kleuterskole/bewaarskole). Grondgebruikaansoeke wat verband hou met kleuterskole/bewaarskole in alle areas betaal slegs 15% van die tarief.*

*Geen tariewe is terugbetaalbaar nie.*

***

**BKN026/08/2021**
**VEILIGHEIDSKAMERAS**
**9/1/2**

Die waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met spesifieke verwysing na die kwaliteit van die beeldmateriaal, spesifikasies en monitering van die kringtelevisie kameras.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die inhoud van die verslag.

***

**BKN027/08/2021**
**<u>BELEID: STUUR VAN KRANSE RUIKERS EN KAARTJIES</u>**
**5/15/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat waar kranse, ruikers of kaartjies namens Bergrivier Munisipaliteit uitgestuur word, die koste verbonde daaraan beperk word tot R500 per geleentheid; en

2. Dat die bedrag ten opsigte van die uitstuur van kranse, ruikers of kaartjies jaarliks gedurende die begrotingsproses hersien word.

***

**BKN028/08/2021**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENT: JUNE 2021</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item kortliks in.

**<u>RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for June 2021.

***

**BKN029/08/2021**
**<u>MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: JUNIE 2021</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

**<u>RECOMMENDATIONS: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

1. That Council take note of the June 2021 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act; and

2. That Council take note that a total of R16 713.58 expenditure incurred during the month of June 2021 to prevent the spread of COVID-19 and to aid in humanitarian relief during the period of lockdown level 1.

***

**BKN030/08/2021**
**<u>WRITING OFF OF PROPERTY PLANT AND EQUIPMENT – MOVABLE ASSETS WRITING OFF OF PROPERTY PLANT AND EQUIPMENT – MOVABLE ASSETS</u>**
**6/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item kortliks in. Die Direkteur Finansiële Dienste gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

**<u>AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die item onttrek word en ‘n opgedateerde item aan die Raad voorgelê word vir oorweging.

***

**BKN031/08/2021**
**OVERSIGHT ROLE OF COUNCIL: IMPLEMENTATION OF SUPPLY CHAIN MANAGEMENT FOR THE FOURTH QUARTER AND THE FINANCIAL YEAR 2020/2021**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item kortliks in.

**RECOMMENDATIONS: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That Council consider and take note of the Supply Chain Management implementation report for the period 01 July 2020 to 30 June 2021 representing the 2020/2021 financial year; and

2. That the report be made public in accordance with section 21A of the Municipal Systems Act.

***

**BKN032/08/2021**
**ADHOC-VERSOEKE VIR DIE AFSKRYF VAN UITSTAANDE DEBITEURE REKENINGE: UIT DIE KANTOOR VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**
**5/15/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in. Die Voorsitter gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking, met spesifieke verwysing na die lang afhandelingstyd van navrae deur die Direktoraat Finansiële Dienste.

Die Direkteur Finansiële Dienste gee addisionele inligting tot die item onder bespreking, met spesifieke verwysing na die kommunikasie wat aan die persone gestuur behoort te word.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1) Dat die Raad die volgende werkswyse vir bestorwe boedels goedkeur vir implementering:

    a) Dat ‘n Aansoek ingedien word deur die huidige bewoner/erfgenaam. Bewys dat die boedel aangemeld is by Landdroskantoor moet aangeheg word;

    b) Dat ‘n Betaling van dienste deposito gedoen moet word vir die skep van ‘n nuwe dienste rekening vir die bewoner/erfgenaam;

    c) Dat die afskryf van huidige uitstaande skuld op die oorledene se naam;

    d) Invul van deernis aansoek, indien kwalifiseer, met alle gepaardgaande dokumente;

    e) Dat die Eiendomsbelasting steeds in die naam van die geregistreerde eienaar bly totdat die eiendom bewys het van Titel Akte wat oorgedra is, en moet dit ook deur die bewoner/erfgenaam maandeliks vereffen word, alternatiewelik moet die uitstaande belasting ten tye van uitreiking van uitklaring verhaal word;

2) Dat goedkeuring verleen word vir die afskryf van die uitstaande skuld soos uiteengesit in Aanhangsel “A” in verslag 2, maar dat rekening 245018 en 10016 nie afgeskryf word nie, soos gemeld in die aanhangsel;

3) Dat kennis geneem word van die feit dat die bedrae van die uitstaande skulde soos in verslag 2 per die aangehegte lys in 'n geringe mate kan verander en dat geen afskrywing meer sal beloop as wat die skuld op datum van goedkeuring van die afskrywing sal beloop nie; en

4) Dat die rekeninge op die lys van boedels, aanhangsel A in verslag 1, onmiddellik afgeskryf word, die bewoners gekontak en die proses gefasiliteer word, soos genoem in aanbeveling 1. a tot e.

***

**BKN033/08/2021**
**<u>COGTA</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in. Raadsheer Wessels en die Direkteur Finansiële Dienste gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking, of die voltooiing van die vorms verpligtend is en dat met die amptenare gekommunikeer word om nie die publiek weg te wys nie.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die Raad kennis neem van die versoek soos ontvang van COGTA, met betrekking tot die invul van die vorms waarin toestemming deur deernis subsidie aansoekers verleen word dat SARS hul inligting mag verifieer.

***

**BKN034/08/2021**
**<u>WYSIGING AAN GOEDGEKEURDE PROSESPLAN VIR DIE 4DE GENERASIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN</u>**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die wysigings aan die Prosesplan van die 4de Generasie Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir Bergrivier goedgekeur word (Aanhangsel A); en
2. Dat die Tydskedule van Sleutel-sperdatums gewysig word vir die 2021/22 finansiële jaar soos aangeheg in Aanhangsel B tot die verslag.

***

**BKN035/08/2021**
**<u>SECURITY MEASURES AT SPORTSFACILITIES</u>**
**17/7/3**

Die Voorsitter lei die item kortliks in. Raadslid Du Plooy gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking met spesifieke verwysing na die "link" van die kameras en die monitering daarvan.

**<u>RESOLUTION</u>**

That the Executive Mayoral Committee take note of the installation of security measures at the Sportsfacilities.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN036/08/2021**
**TECHNICAL DEPARTMENT: CONSTRUCTION OF COMBINATION NETBALL / TENNIS COURTS AT EENDEKUIL, PORTERVILLE AND VELDDRIF**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels lei die item breedvoerig in.

Die Voorsitter gee addisionele inligting tot die item onder bespreking, met spesifieke verwysing na die toekenning van tenders aan diensverskaffers wat nie voldoen aan die nodige ondervinding van 'n projek nie.

**RESOLUTIONS**

1) That Technical Services get an additional report with cost estimates after the courts have been examined by the new Manager: PMU which takes office on the 3rd of August 2021;

2) That a follow-up report be submitted to the Technical Committee meeting in **October** 2021 for consideration and proposals for a meeting with Western Cape DCAS on the way forward; and

3) **That a report be requested from SACLAWA Enterprises (PTY) Ltd regarding the completion of the project and what their view are of the Netball / Tennis courts on Eendekuil, Porterville and Velddrif**.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN037/08/2021**
**TEGNIESE DEPARTEMENT: WATERNETWERK OPGRADERING**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die inhoud van die verslag.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN038/08/2021**
**INKOMSTEVERBETERINGSTRATEGIE**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die inhoud van die verslag en die opgedateerde Aksieplan; en

2. Dat die opgedateerde inkomsteverbeteringstrategie met gewysigde teikendatums, soos vervat in die aangehegte aksieplan goedgekeur word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN039/08/2021**
**PROKUREURS INVORDERINGS**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die kwartaallikse Prokureurs verslagdoening.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN040/08/2021**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: JULY 2021**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in en rapporteer dat 5 items nog onafgehandeld is, en versoek die direkteure om die verantwoordelike amptenare te versoek om die stelsel op te dateer.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for July 2021.

***INTERNE OUDITEUR***

***

**BKN041/08/2021**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

*******

**BKN042/08/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

*******

**BKN043/08/2021**
**NOTULE VAN DIE RISIKOKOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 03 JUNIE 2021**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Risikobestuurskomitee se vergadering gehou op Donderdag 03 Junie 2021, soos voorgelê.

*******

**BKN044/08/2021**
**<u>NOTULE VAN DIE PRESTASIE- EN OUDITKOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 08 JUNIE 2021</u>**
**9/1/2**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Prestasie- en Ouditkomitee se vergadering gehou op Dinsdag 08 Junie 2021, soos voorgelê.

***

**BKN045/08/2021**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD: SALGA SALARIS MANDAAT</u>**
**9/1/2**

Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in. Die Munisipale Bestuurder gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking, met spesifieke verwysing na die kriteria vir kwytskelding asook die bekostigbaarheid van kerf en salarisverhogings.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN046/08/2021**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS:</u>**

Geen

***

**BKN047/08/2021**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN048/08/2021**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 13:20***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ______________________________ | ___________________ |
| ***VOORSITTER*** | ***DATUM*** |
| ***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** | |

***